



eduresourceza.com



MICHAELHOUSE

PROEFEKSAMEN 2023

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR.

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A	Letterkunde – <i>DONKER WEB</i> (70 punte)
AFDELING B	Transaksionele Skryfwerk (30 punte)
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Laat 'n reël oop tussen jou antwoorde.
6. ALLE vrae moet in Afrikaans beantwoord word.

AFDELING A LETTERKUNDE

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer bo-aan die bladsy neer.
3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van die **paragraaf in Vraag 2** en die **opstel in Vraag 4** neer.
4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die **getal punte** bepaal die **getal feite** wat verwag word.
5. **Beplanning**
 - 5.1 Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.
 - 5.2 Skryf die opskrif, **BEPLANNING**, boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy met jou skryfstuk klaar is.

VRAAG 1 UITTREKSELS**GREG ONTVANG DREIGBOODSKAPPE**

Wanneer die Baker uitvind dat Greg op sy spoor is, ontvang hy verskeie dreigboodskappe en waarskuwings om die Baker uit te los.

1.1

Versigtig staan ek op. Stap nader. Die bruin letters - dis bloed!
Ek steier, maar neem my oë nie vir 'n oomblik daarvan af nie. Vrees klop in my. Kom dit van die Baker af? [bl. 69]

- 1.1.1 Greg vind die boodskap hierbo aan die einde van 'n langnaweek. (1)
Waar was hy gedurende die langnaweek?
- 1.1.2 Waar vind Greg die boodskap in bloed waarna hierbo verwys word? (1)
- 1.1.3 Wat is die waarskuwing wat aan Greg gerig word? (1)
- 1.1.4 Die boodskap is aan twee persone gerig. (1)
Wie is die moontlike ander persoon waaraan die boodskap gerig is?

1.2

Daar staan 'n rooi motor. Dadelik herken ek die insittende. Nog 'n uitdaging, asof die tronkbesoek nie erg genoeg was nie. [bl. 66]

- 1.2.1 Wie is die insittende in die rooi motor hierbo? (1)
- 1.2.2 Watter verrassing het die insittende (persoon van 1.2.1) by haar? (1)
- 1.2.3 Wie het Greg in die tronk gaan besoek? (1)
- 1.2.4 Hoekom is hierdie persoon in die tronk? (2)
- 1.2.5 Watter skok kry Greg die naweek oor sy ma? (1)

[10]

AYLA

1.3

"Toe ek omdraai, sien ek die mooiste meisie ooit. Lang, donkerbruin hare krul sag in haar nek. Oë met 'n misterieuse kyk. 'n Grys toppie. 'n Stywe broek. Kaalvoet [bl. 143]

- 1.3.1 Wat doen Ayla vir 'n lewe? (2)
- 1.3.2 Waar het Ayla en Xander ontmoet? (1)
- 1.3.3 Wat doen Ayla se ouers vir 'n lewe en vir watter organisasie werk hulle? (2)
- 1.3.4 Hoekom kan Ayla Afrikaans praat? (1)
- 1.3.5 Wat is 'n aanduiding dat Ayla nie noodwendig 100% lojaal aan Xander is nie? (2)
- 1.3.6 Hoekom vind Ayla dit moeilik om uit Istanboel te vlug? (1)
- 1.3.7 WAAR of ONWAAR: Ayla se ouers is baie betrokke in haar lewe. (1)
- [10]

VRAAG 2 PARAGRAAF

DIE BAKER

Skryf 'n paragraaf van 80 – 120 woorde oor die rol van die Baker in die boek. In jou paragraaf moet jy na die volgende verwys:

- Wie was die Baker (gee sy naam en van)? (1)
 - Wat was die naam van die plaas waarop hy grootgeword het? (1)
 - Saam met wie het die Baker grootgeword wat vir hom soos 'n broer was? (1)
 - Hoekom het die Baker van "sy broer" ontslae geraak? (1)
 - Waarop het die Baker se nuwe navorsing/projek gefokus? (1)
 - Noem een van die projekte waarby die Baker betrokke was en dui aan wat die projek behels het. (2)
 - Waar het Greg die Baker die eerste keer ontmoet? (1)
 - Hoe weet ons dat die Baker 'n elegante man was? (1)
 - Hoe het die Baker tot sy einde gekom? (1)
- [10]

VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL**OPDRAG:**

Skryf 'n opstel (maksimum 400 woorde) waarin jy die veranderinge in Greg se lewe as deurlopende tema in die roman bespreek.

Onthou:

- Gebruik die fokus en volgorde van die onderstaande raamwerk.
- Onthou dat jou opstel ook 'n kort inleiding en slot moet hê.
- Moenie jou **getal woorde** aan die einde vergeet nie.

Inleiding**Paragraaf 1: Greg as skoller**

- Waar was Greg op skool? (1)
- Wie was op daardie stadium die hoof van die skool? (1)
- Watter posisie het Greg by die skool bekleed? (1)
- In watter koshuis was Greg? (1)
- Wat is die skool se leuse en wat beteken dit? (2)

Paragraaf 2: Greg se familie

- Hoe is Greg se broer dood en hoekom het hy dit gedoen? (2)
- Noem een belangstelling wat Greg en John gedeel het. (1)
- Hoe hou Greg sy broer "lewendig"? (1)
- Wat het Greg se pa vir hom gesê na John se dood wat hom geskok het? (1)
- Hoe het Greg se verhouding met sy pa verander nadat hy teruggekom het van Venesië af? (1)

Paragraaf 3: Greg op universiteit

- Waar is Greg op universiteit en wat studeer hy? (2)
- Wat sou sy pa eerder wou gehad het hy moet studeer? (1)
- Waar bly Greg en hoe betaal hy vir die blyplek en sy studies? (2)
- Wie bly langs Greg en wat studeer die persoon? (2)
- By wie het Greg Ritalin gekry om hom te help studeer? (1)

Slot

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

(5)

[25]

[AFDELING A: 70 punte]

eduresourceza.com

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer bo-aan die bladsy neer.
3. Skryf die **getal** woorde aan die einde van elke vraag neer.
4. Tydens assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
 - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
 - interpretasie van die opdrag
 - inhoud en idees
 - register en toon
 - taalgebruik


5. Beplanning

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

5.1 Skryf die opskrif, **BEPLANNING**, boaan.

5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy met jou skryfstuk klaar is.

VOORBEELD:

	BEPLANNING  (linkerkantste bladsy)			FINALE POGING  (regterkantste bladsy)	
--	---	--	--	--	--

VRAAG 5 BLOG

'n Blog is 'n vorm van skryfwerk wat gebruik word om jou eie mening oor 'n sekere onderwerp te gee.

Opdrag:

Skryf 'n blog van 120 tot 180 woorde oor die volgende onderwerp:

Suid-Afrikaners ervaar tans verskeie probleme in ons land en baie mense wonder waar dit alles gaan eindig.

Kies twee probleme wat ons op die oomblik in ons land ervaar en lewer kommentaar hieroor.

Jou blog sal 20 punte tel en sal volgens 'n rubriek nagesien word. Onthou om 'n woordtelling aan die einde aan te dui.

Gee aandag aan die volgende:

- Inhoud
- Beplanning
- Formaat
- Taal
- Styl
- Redigering



- Gee vir jou blog 'n gepaste opskrif.
- Beskryf hoe die probleme Suid-Afrika en die land se mense affekteer.
- Wat is die oorsake van die probleme.
- Wat is die oplossings vir die probleme.
- Is jy optimisties dat die probleme opgelos sal word? Motiveer hoekom jy so voel.

[20]

VRAAG 6 TEKSBOODSKAP

'n Teksboodskap is 'n vinnige manier van elektroniese kommunikasie per boodskap.

Register – Die register van 'n teksboodskap is informeel, vriendelik en opreg.

Formaat – Die formaat van 'n teksboodskap is eenvoudig.

- Begin met 'n gepaste inleiding.
- Sluit af met 'n gepaste slot.
- Dui jou **woordtelling** onderaan die boodskap aan.

Opdrag:

Stuur 'n *Whatsapp*-teksboodskap van tussen **50 – 70** woorde aan jou beste vriend/vriendin waarin jy hom/haar die goeie nuus mededeel dat jy volgende jaar oorsese gaan studeer aangesien jy by een van die top oorsese universiteite aanvaar is.

Maak seker jy gee vir hom/haar al die inligting aangaande hierdie wonderlike nuus – noem in watter rigting jy beplan om te studeer te kry en waarheen jy gaan.

Onthou: Die toon van jou boodskap moet vanpas wees – jy praat met iemand met wie jy al baie tyd spandeer het.

Jou teksboodskap tel **10** punte en sal volgens 'n rubriek nagesien word.

[10]

[AFDELING B: 30 punte]

TOTAAL: 10

